DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

18 Maart 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 106: 1, 6	Sing vooraf	Sb. 3-1: 1, 2 (51)
Sing	Ps. 149: 1, 2	Sing	Ps. 89: 1, 2
	Ps. 65: 2, 3		Ps. 72: 1, 4
	Ps. 127: 1, 2		Ps. 45: 1, 2, 6
	Ps. 67: 1 - 3		
Skriflesing	Haggai 2: 10-19	Skriflesing	Numeri 8: 5-26 Matteus 3: 1-17
Teks	Haggai 2: 18-19	Teks	Matteus 3: 14-15
Tema	**Hoe belangrik is die seën van die Here vir jou?**	Tema	**Waarom Jesus groot gedoop is**
Katkisasie-opening: Psalm 100: 2			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BORG 'n BYBEL

Van ons katkisante en lidmate gaan vanmiddag by Rus-oord bybels uitdeel vir die bejaardes wat nie een het nie. Daar gaan 'n kort vermaaklikheids-program en verversings ook aangebied word. Kontakpersoon: sr. Debbie Joubert

BYBELSTUDIE

Bellville (Afrikaans): Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 16:14 e.v. / Aand: Handelinge 16:22 e.v.
Bybelstudie vir mamma's: Woensdag om 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)
Rondebosch (Engels): Woensdag om 18h00 by Michael's Cafe, Rondebosch

CROSSROADS PRISON MINISTRIES

Graag wil ons almal bedank wat reeds aangedui het dat hulle betrokke wil wees by CPM. Ons het die afgelope week vergader en is besig met reëlings om so gou as moontlik met die bediening te begin. Br. Piet Reyneke het aangebied om ons gemeente se koördineerder te wees. Ons is egter nog op soek na 'n takbestuurder in die Kaap, wat dus die CPM hier sal bestuur, tesame met die gemeente koördineerders van die drie kerke. Die lidmate wat hul name opgeskryf het, kan 'n e-pos verwag waarin hierdie taak beskryf word. Ons vra dat julle hierdie taak sal oorweeg. Kontakpersone: br. Piet Reyneke, srs. Carolien en Tineke Meijering

GELUKWENSING

Br. Erasmus en sr. Daniélle Smit het 'n verbondskindjie van die Here ontvang. Ons dank die Here vir hierdie groot genade.

GEMEENTESANG: PAASFEES

Ons wil DV **Sondag, 25 Maart** na die aanderediens, die dood en opstanding van ons Here met koor- en gemeentesang vier. Almal is hartlik welkom!

KOOR

Die koor oefen vanmiddag om 17h00.

KULTE-TOERUSTING

Prof. Henk Stoker gaan DV op **Saterdag, 24 Maart** van 09h00 tot 13h00 'n kulte/sekte-opleiding en bewusmakings geleentheid aanbied by GK Strand. Ons vra 'n R20 donasie, om te help met die koffie en verversings.

LEWENDE STENE & ROTSE

Alle hoërskool lidmate en studente kom DV vanaand na die erediens bymekaar in ons kerkhuis. Dit is 'n gesamentelike bybelstudie met lidmate van Bellville-Oos gemeente en Prediker 5 gaan behandel word. Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Willie Buys wat in die hospitaal was vir behandeling.
- Ds. Tenie Hendricks wat in die hospitaal was vir behandeling.

OMGEWINGSAKE

Besoedeling en herwinning. Amperse eweknie van ons heersersopdrag (Gen 2:15) benut en bewaar. Al klink dit onvanpas (God is goed!) - God openbaar Hom nie net in die mooie en goeie nie, maar ook in die lelike en die slegte. Wat wil God hierdeur vir ons openbaar?
Sien dit raak soos Paulus as lewende getuie dié konsep van God se genadewerk aangewend het om sy lewe in iets van onskatbare waarde te omskep. Laat dus nie toe dat wankelende gesindhede in u lewe tot 'n rommelhoop van chaos vergaar nie.

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat hom liefhet ***Rom 8:28***

POTJIEKOS-KOMPETISIE

Ons gemeente hou DV **Saterdag, 24 Maart** 'n potjiekos-kompetisie. Die volgende lidmate het ingeskryf: brs André Costerus, Dewald Costerus, Piet de Vries, Adriaan Louw, Jeanré Taljaard, Tommie Venter, Reinard Visser en ds. Coen Vrey

Skryf asseblief u naam **vandag** nog by die potjie waarvan u graag wil eet - indien u van meer as een potjie wil eet, sal u twee porsies moet aankoop. Vorms is op die aansteekbord in die teedrinklokaal.

- Koste: R40 per porsie (R20 vir kinders onder 10 jaar)
- Hout & bykosse word verskaf
- Koffie/tee en 'n soethappie sal teen R10 te koop aangebied word
- Bring asseblief eie stoele, eetgerei en drinkgoed

Program: 14h00 Vure word aangesteek
18h00 Beoordeling
18h30 Tafelgebed & ete

Plaas asseblief die korrekte bedrag in 'n gemerkte koevert in die kassiere kassie. Slegs kontant betalings asseblief. Kontakpersoon: sr. Tillie Wüst

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Die Skiereiland vir Christus-kamp vind plaas DV **Woensdag, 4 April - Sondag, 8 April** te Disakloof, Bettiesbaai. Om 'n suksesvolle kamp te kan hou, benodig ons asseblief nog **groepleiers**, lede vir die **kos-span** en persone wat kan help met die **vervoer** van kinders en toerusting. Skryf asseblief jou naam op die lys in die teedrinklokaal indien jy kan help. Kontakpersone: srs. Elré Gerber, Magda Groot en Jana de Bruyn

VGK BASAAR – Ons bak pannekoek!

Ons gaan by die Vrye Gereformeerde Kerk se basaar op DV **Woensdag, 21 Maart** ('n publieke vakansiedag) 'n pannekoek-stalletjie hê, as fondsinsameling vir die Susterskas. Ons benodig nog helpers (broeders ook baie welkom) om te help bak en verkoop. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal. Beloofde donasies van bestanddele kan in die kombuis geplaas word asseblief. Kontakpersoon: sr. Annalize Louw

Alle lidmate word hartlik uitgenooi om asseblief die geleentheid in groot getalle te kom ondersteun!

3. SUSTERS

KUNS-PROJEK

Susters word versoek om asseblief voor of op 30 Mei 2018, hul voltooide kunsprojek van 2017 se afsluitingsfunksie, by die kerkkantoor in te handig.

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Istelle Costerus**, Nicolet Coetzee, Elly den Haan, Elize du Plessis, Nadine Hattingh, Ella Smit, Tokkie Snyman, Corlise Tooth

Volgende Sondag: Srs. **Geertje Groenewald**, Kobie Coetzer, Marie du Plessis, Elré Gerber, Jeany Groenewald, Magda Roos, Yolandi Taljaard, Suzanne van Zyl

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Ludwig Venter, Ruthven Janse van Rensburg, Herman Boneschans, **Jaco Coetsee**

Volgende week: Brs. Pieter van Niekerk, Riaan Janse van Rensburg, Martin van der Walt, Paul Swart

Ouderlinge
Vandag: Brs. Jaco Cilliers, Cassie Bester, Ben van der Walt, Mark Lyons
Volgende week: Brs. Niël van Hoving, Gert Mulder, Jacobus Venter, Jakobus Wüst

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Harm du Plessis, Ian Snyman
Volgende week: Brs. Wilhelm Groenewald, Willie Swanepoel

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
Maart: 26/03 Parowvallei
April: 16/04 Boston 1, 23/04 Boston 2
Mei: 07/05 Bosbell & Hoheizen, 14/05 Kenridge, 28/05 Loevenstein

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Alta du Toit	Diakonale Kas
By die deure:	Bolandse Bedieningsfonds	GKSA Sustentasiefonds

SPESIALE EREDIENS
Op Goeie Vrydag (30 Maart) sal daar om 09h00 ‘n spesiale erediens in ons kerkgebou wees.

VERGADERINGS
Skiereiland vir Christus (kamp)
Vanaand na die erediens in die kerkgebou

VERKIES TOT OUDERLINGE EN DIAKENS
- As ouderlinge vir Bellville: brs. Guillaume Gerber, Arno Loots en Adriaan Louw
- As ouderling vir Rondebosch: br. Tommy Botha
- As diakens vir Bellville: brs. David Myburgh, Koos Myburgh, Mannes Nijeboer en Tommie Venter
- As diaken vir Rondebosch: br. Mark Berchard

5. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. ‘n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **br. Fanie van der Walt** gelukwens met sy **88ste** verjaarsdag!

Vandag	Sr. Veronica Reyneke Br. Paul Swart Br. Fanie van der Walt Br. Gradus Wendt
19/03	Br. Lawrence Lombard
22/03	Mienke van Niekerk (7 jaar)
23/03	Sr. Nicolette Loots
24/03	Sr. Judy Lottering

U laat dit goed gaan met die regverdige, Here, u goedheid beskerm hom soos ’n skild. *Psalm 5:13*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za